
Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.




*'n Volk kan alleen wees wat sy aard is.*

*'n Staat kan alleen wees wat sy volk is.*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 8 APRIL 1942 No. 22.

# „KOM VEG SAAM MET ONS MET JUL EIE WAPENS"

## Genl. J. A. Smith Wys die Pad aan tot Herstel van Afrikanereenheid

**Die onderlinge verhouding binne ons nasionaal-republikeinse geledere; ons verhouding tot die toestande en aangeleenthede buite eie republikeinse geledere, en die positiewe volkskoers waaraan ons glo en wat deur die Ossewabrandwag as die enigste geestelike, ekonomiese en staatkundige vryheid aanvaar word, was die drie punte waarby genl. J. A. Smith, Assistent-kommandant-generaal, hom verlede Maandag bepaal het by geleentheid van die viering van die O.B.-blaasorkes van Kaapstad.**

Die Hofmeyr-saal was stampvol en die gehoor het by wyse van luide toejuiging sy waardering betuig vir die besielende werk van veldkt. S. J. Swanepoel en sy flukse orkeslede. Hy is groot lof toegeswaai deur die A.K.G. vir sy onvermoeide ywer.

Hoofkomdt. Wassenaar het opgetree as voorsitter en op pittige wyse toestande oor see en in die binneland gehekel.

Genl. Smith, wat telkens luid toegejuig is, het as volg gepraat:

Wat die onderlinge verhouding binne ons nasionale republikeinsgesinde geledere betref, is dit duidelik dat die teenswoordige verdeeldheid nie soveel op beginselverskille berus dat dit nie verbeter en hegter gemaak kan word nie, as op verwarring ten gevolge van optrede wat voortvloei uit 'n toestand (nie deur die Afrikaner self geskep nie), maar vir hom geskep is onder die liberalistiese demokratiese stelsel — 'n stelsel wat in Afrikaner-geledere onderlinge wantroue en ongesonde wedywer vir die loon wat liberalisme, gebaseer op individualisme, voorhou, nl. 'n betrekking, posisie, of soos dit teenswoordig genoem word, 'n setel en daarby meestal 'n persoonlike stoflike voordeel. Dit op sy beurt het die gees van naywer en verdagmaking aangekweek. En om te slaag moet nie meer jou eie deugde die deurslag gee nie, maar die moontlike persoonlike ondeugde van jou mededinger. Jy moet dus gaan soek na enigiets wat jy teen jou mededinger se karakter of bekwaamheid kan opper en desnoods denkbeeldige, ja, selfs onware en lasterlike aantygings by gebrek aan feite gebruik. Voorbeelde hiervan het ons in die laaste tyd tot walgings toe gehad.

Hierdie verdagmakery en belastering het die grootste verwarring — juis wat die vyand verlang — geskep. Vandag is die gedagte benewel en 'n groot deel van die volk is blindelings en koersloos op hol geraak. Ek wil sover dit moontlik is, persoonlikhede in my beskouing uitsluit. Een voorbeeld van verwarring egter moet ek noem, want ek is bewus van 'n verlange by u om helderheid te kry. Ek bedoel hier die Nasionale Pers en ons optrede in dié verband. Dit is nie waar, hoe mense dit ook al vertolk, dat die O.B. vir 'n oomblik gedink het aan die vernietiging van die Pers of om dit te probeer „verower" nie. Die O.B. soek nie, en sal nooit soek na „vernietiging" of vir sy eie doel „verowering" van enige Afrikaneronderneming of soos in hierdie geval, 'n Afrikanerwapen vir die volk teen sy vyande nie.

Hierdie Pers het egter die fout begaan om i.p.v. as strydwapen teen die gemeenskaplike vyand op te tree, hom feitlik uitsluitlik te rig teen die vernietiging van 'n republikeinse organisasie op 'n wyse wat volgens die mening van O.B. -en Partygenote tot dieper skeuring en bitterheid lei. Daarom was dit nodig om die aandag van die Direksie hierop te vestig. **Na alle ander pogings skynbaar misluk het, is besluit om protes aan te teken op so 'n manier dat die Direksie kon sien waarheen dit uiteindelik kan lei en noodwendig sal lei as die beleid van die Pers nie gematig word nie.** Ons het gemeen dat as hierdie kragdadige protes nie sou help nie, 'n versoek van die kant van aandeelhouers mag help. Hierdie versoek is tot hulle in die volgende woorde op die aandeelhouersvergadering gerig: (Hier volg dan die voorstel van dr. F. D. du Toit van Zyl, wat kortliks daarop neerkom dat dié pers 'n gees van verdraagsaamheid en toenadering moet skep.)

Dit is meteens onder leiding van die Partyleier as 'n „mosie van wantroue" teruggeslinger!

Dat dit nie deur die meerderheid van aandeelhouers vir die oomblik op die vergadering onder ongunstige omstandighede as 'n versoek aanvaar is nie, neem ons nie aan as mislukking of „pakslae" soos ander dit wil vertolk nie. Dit is 'n plig van u en my om 'n poging tot die uitmekaardrywery van die volk te bekamp. Ons laat dit nou dus aan u as mede-Afrikaners en u gewete oor. Die O.B. het sy plig gedoen.

**Dat ons wel op dieselfde vergadering tot groot mate beter reaksie op ons beleid van onderlinge verdraagsaamheid tussen Afrikaner en Afrikaner reeds ingeoes het, blyk uit die uitslag van die verkiesing van Direkteure.** (Toej.)

Die O.B. is in sover op hierdie stadium tevrede dat hy wel sy eerste en vernaamste plig nagekom het, nl. die vinger te lê op 'n bron van kwaad in ons ongelukkige onderlinge wanverhouding.

### GRONDSLAG VIR EENHEID

Maar in die verwarring en onderlinge stryd deurstraal tog hierdie een algemene neiging onder die volk, nl. te soek na 'n geleentheid tot heropbou van eenheid. En hierdie eenheid is moontlik. **Dit is alleen moontlik op sekere geestelike en etiese grondslae waarop al die res, noem dit politiek as u wil, kan berus.** Anders kan dit nie. Om daardie moontlikheid te verwerklik moet ons mekaar verstaan wat die groot en breë grondbeginsels betref. Verstaan ons mekaar nie, dan sal ons moet wag totdat dit gebeur en dit sal moet gebeur **want die wêreld staan op die drempel van 'n algehele nasionale en sosiale omwenteling.**

Nou vra ek my mede-republikeinsgesinde Afrikaners wat buite die O.B. staan: **As julle waaragtig en in alle opregtheid stry vir een en dieselfde saak, as julle hart en siel en ten volle aanvaar en nastrewe die algehele verwerping in vorm en wese van die liberalistiese demokrasie; van die geldmaatstaf, dit is die kapitalisme, en julself en jul organisasie inspan om te veg vir die herstel van etiese waardes, en morele oorwegings in die verhouding van burger tot burger en van die volk tot die staat; as julle waaragtig voel vir en strewe na dissiplinering en opleiding van die hele volk tot nasiediens; die samesnoering van die Afrikanervolk tot 'n kragkern, 'n absolute organiese eenheid; as julle jul beywer vir 'n nuwe gesonde maatskaplik ekonomiese orde onder staatsgesag wat gegrond is op reg, billikheid, fatsoenlikheid, eerlikheid en christelikheid; en ten laaste, as julle julself en jul organisasie gebruik vir die herskepping van die Afrikanervok tot 'n volkome organiese geheel waarin geen deel die ander kan verdruk, uitbuit, of onderling beveg in sy stryd vir nasionale vryheid, en in alle opregtheid herstel van volks-**


GESONDHEID IS MEER WERD AS RYKDOM

*Beskerm u Gesondheid en Lewenskrag*

**GEBRUIK**

**LIFEBUOY-GESONDHEID-SEEP**

DIT IS MEER AS 'N GOEIE SEEP—
DIT IS 'N GOEIE GEWOONTE

*'n Produk van*

**LEVER BROERS.**

## VOLKSKAS IS U EIE BANK!

*Fondse oorskry £1,500,000.*

Hoofkantoor:

Volkskas-gebou, Sentraalstraat,

PRETORIA

**Volkskas (Koöperatief) Bpk.**

(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)

## DIE GOEIE HOOP

(KOÖP.) HANDELSHUIS, BPK.

Voortrekkerweg, Bellville. Foon 97814.

VIR

Hoofweg, Durbanville. Foon 60.

JOHN BROCKMAN EN KIE SE Wingerdswawel — Meta — Glensel — Loodarseniek — Black Leaf 40" en 156 Snoeiskêre — Wingerdskêre, ens.

**DAGBREEK vir die AFRIKANERS STABILIS**

Die Nuwe Suiwer Afrikaanse Maatskappy bied sy dienste aan in verband met

- *Koop en verkoop van al u eiendomme*
- *Geldbelegging — Besigheidsadvies*
- *Advertensies en Drukwerk*
- *Versekering (Lewens, Brand, Motor, Ongevalle, ens.)*

**STABILIS-AGENTSKAPPE EN BELEGGINGS-MAATSKAPPY**

Ons is Agente vir: HELPMEKAAR KOLLEGE JOHANNESBURG.

Ook vir Bou-maatskappye en die vernaamste Assuransiemaatskappye!

Ons onderneem Afslaerswerk van Vaste Eiendomme en alle Losse Goedere, soos Huisraad, ens.!

Foon 30764—Kamer 901/2—Groote Kerkgebou, Adderleystraat, KAAPSTAD.

## EGTE BOKMIS

van

BOSSIEVELD, KAROO.

Die mis is fyn gemaal teen 27/- per ton van twaalf sakke, op u Stasie gelewer.

KMB of KBA

Die mis is absoluut suiwer, van groot uitgesoekte mishope.

TEVREDENHEID GEWAARBORG.

Monsters op Aanvraag.

***B. J. ROODE,***

Posbus 15, KLIPPLAAT.

## La Belle Alliance

**Privaat Hotel.**

**DIE AFRIKANER SE TUISTE**

***alle moderne geriewe***

**Billike Terme**

**Eienares: Mev. P. J. RETIEF,**

Foon 2-3833

*Ons Ontmoet alle Treine.*

**Kloofstraat, Kaapstad.**

## MARKAGENTSKAP

**Vroeë Môre Mark**

**KAAPSTAD**

***Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.***

Beste Heersende Pryse.


***MINNAAR & VAN SCHOOR.***

Eienaar: Gustav Retief.

Telefoon 2-0212.

# DIE VOORTREKKERS

*Van die Oorspronklike Ets deur Rosa S. Hope,* A.R.E.



*Hierdie kunstenares het deur die fyne en frisse ekspressie van haar etswerke nie alleen Suid-Afrikaanse maar ook Europese beroemdheid verwerf. Op groot tentoonstellings is haar werk bekroon; vir kunsgallerye is haar werk gretig aangekoop.*

*Ongetwyfeld sal haar jongste meesterstuk—'n grootse weergawe van die Voortrekkers—groot opspraak verwek.*

*Dit is 'n liefdevolle getuienis van die heiligste moment in die daaglikse lewe van die Voortrekker, sy godsdiensoefening. Dit is 'n sintetiese beeld wat uitgroei tot die tere simboliek van die magte wat 'n nasie gevorm het.*

*Prys slegs 10/6 posvry.*

*Grootte 18 x 14 duim.*

*Gedruk op die beste kunspapier.*

**BESTELVORM.**

*Die Natalse Pers Beperk,*

*Posbus 404, Pietermaritzburg, Natal.*

*Geliewe my..................eksemplaar(e) te stuur van die ets „Die Voortrekkers" deur Rosa S. Hope, waarvoor ek £ : : insluit.*

*Naam..................*

*Adres..................*

..................

DIE O.B., WOENSDAG, 8 APRIL 1942.

## Geen Rede vir Wanhoop

Vir elke Afrikaner wat dit wel meen met sy volk is die verdeeldheid in Afrikanergeledere 'n pynlike saak. Vir 'n groot deel van ons republikeinsgesindes is dit so 'n ontmoedigende verskynsel dat alle geesdrif vir die stryd geblus is en hulle nou maar 'n afwagtende houding teenoor die toekoms inneem.

In die regte perspektief gesien, behoort hierdie verdeeldheid egter geen oorsaak tot wanhoop te wees nie, net so min as wat dit 'n teken van innerlike swakheid is. Ons volk staan vandag voor 'n keuse tussen twee botsende gedagtes — die ou liberalistiese gedagte en die nuwe nasionale gedagte — en dit is 'n keuse waarvoor die hele wêreld vandag staan en daarby 'n keuse wat so skerp en gebiedend is, dat magtige moondhede dit op die slagvelde van Europa, Asië en Afrika uitveg. Waar die wêreld dan in twee botsende kampe oor die vraagstuk van die keuse staan, is dit hoegenaamd geen vreemde verskynsel dat daar binne ons volk ook twee botsende kampe bestaan nie. In enige omwenteling waar dit ookal in die wêreld mag plaasvind, sal daar meningsverskil bestaan oor die onsekere nuwe wat nog moet kom. Daar sal wees die twyfelmoediges, die skeptici en die vyandiggesindes. Selfs in 'n land soos Duitsland waar vandag 'n volkseenheid bestaan wat vir die liberalistiese bedeling 'n onbegryplikheid is, sal daar 'n minderheid aangetref word wat nie ten gunste van die nuwe nasionalistiese orde is nie. Duitsland het egter die geluk gehad om die omwenteling oor 'n tydperk van ruim vyftien jaar te bewerkstellig, en voor die oorlog uitgebreek het, het hy geleentheid gehad om die nuwe orde vir meer as ses jaar in die praktyk uit te toets. Dit het so geslaagd geblyk dat die Duitse volk by sy laaste stembus dit met 99 persent eensgesindheid aanvaar het. Aan die begin van die omwenteling was daar net soveel bitterheid en verdeeldheid as in ons land vandag, ja so groot dat daar op een tydstip selfs bloed geloop het.

Dit is daarom bloot natuurlik as daar in Afrikanergeledere vandag twee strydende groepe aangetref word. Daar is diegene wat nog in groter of kleiner mate vaskleef aan die beginsels of metodes van die ou orde. Verder is daar Afrikaners wat niks gemeens met die ou orde het nie, maar bevrees is dat die nuwe nie presies sal wees soos ons dit begeer nie. Al hierdie vrees en senuweeagtigheid is verstaanbaar, maar het noodwendig as gevolg dat daar wrywing en selfs botsing ontstaan.

In die nasionale deel van die Afrikanerdom is hierdie botsing beliggaam in die Party en die Ossewabrandwag met 'n onsydige groep tussen die twee wat bereid is om die nuwe te aanvaar, maar as gevolg van kwaadwillige propaganda nie meer die volste vertroue in die verteenwoordiger van die nuwe orde het nie.

Die Party as die verteenwoordiger van die oue kleef nog tot 'n groot mate vas aan die liberalistiese opvattings. **In die eerste plaas is hyself deel van die liberalistiese parlementêre stelsel, en as sodanig voel hy sy posisie in die volkslewe bedreigd. In die tweedeplaas is sy metode van optrede, nl. die voering van verkiesings onder 'n liberalistiese kiesstelsel, liberalisties, en in die laaste instansie is sy beginsels nog liberalisties, soos blyk uit sy aanvaarding van die Partystelsel vir die nuwe staat, as ook van die liberalistiese opvatting van gelyke kulturele en politieke regte vir die Engelse deel van die bevolking — 'n idee wat regstreeks in stryd is met die nuwe nasionale gedagte wat die volk as 'n familie- of organiese eenheid sien.**

Merendeel van die Party se ondersteuners is nie soseer uit oortuiging nog daarin nie, as uit 'n persoonlike oorweging van vertroue in die leier van die Party. Hulle is nie aanhangers van die Party omdat hulle nog in die partystelsel met sy liberalistiese opvattings glo nie, maar omdat hulle vertroue in dr. Malan as leier het.

Die Ossewabrandwag staan daarenteen vir die nuwe gedagte, en daarom is sy metode van optrede ook nuut. Hy glo nie meer dat die liberalisme met sy eie wapens beveg kan word nie. En dit is hier waar die botsing kom. Sover dit die volk se vryheidstrewe betref, moet daar gekies word tussen die metodes van die liberalistiese partystelsel en die nasionalistiese volksbeweging. **Sover dit die volk dus betref, gaan die stryd op die oomblik oor die vraag: wie se metode is die regte om die vryheid te bring.** Hierdie stryd sal voortduur in meerdere of mindere mate totdat die oomblik aanbreek waarop een van die twee hul metode in die praktyk kan toepas. Moet dit geskied langs die weg van 'n algemene verkiesing onder leiding van die party, sal die volk as 'n geheel gaan stem. Moet dit langs die weg van volksoptrede bereik word onder leiding van die Ossewabrandwag, sal die volk as 'n geheel daardie optrede steun. Op 'n kritieke oomblik van beslissing sal nòg die Partyleiding nòg die O.B.-leiding — indien so dwaas — in staat wees om te verhoed dat die volk die een of ander weg sal volg. **Op daardie oomblik sal die praktyk uitwys wie se metode die regte is; op daardie oomblik sal die een wat verkeerde leiding gegee het, verdwyn, en op daardie oomblik sal daar weer volkseenheid wees.**

Intussen is dit elkeen se plig om in die geesdrif vir die een of die ander metode nie soveel bitterheid en vooroordeel te veroorsaak dat hy later nie kan deelneem aan die regte metode nie. Dat ons groter vertroue in die een of die ander metode het, is natuurlik; maar dat ons soveel vertroue daarin het dat ons die ander by voorbaat onmoontlik maak, is nie alleen dwaas nie, maar onvergeeflik roekeloos.

# ORGANISASIEDAG OP 8 AUGUSTUS

## Oproep tot Herdenking van Geboorte Van Ossewabrandwag-Gedagte

**Die onderstaande oproep word deur genl. J. A. Smith, Assistent-kommandant-generaal, gedoen. Dit het in die eerste plaas betrekking op die Ossewabrandwag in Kaapland, maar na verneem word, sal die ander Provinsies hulle daarby aansluit om 'n Uniale onderneming daarvan te maak:**

Op 8 Augustus 1938 het die gedenkwaardige Ossewatrek 'n aanvang geneem en oor die lengte en breedte van Suid-Afrika 'n vloedgolf van ongekende geesdrif laat ontbrand. Afrikaner het Afrikaner gevind, 'n volk het sy siel herwin en geëis samesnoering van strydende kragte in 'n grootse poging om sy vryheid van vreemde bande, binnelands en buitelands, te verkry. **Uit hierdie geldingsdrang is voortgebring die O.B., die volksorganisasie van die herbore Afrikanerdom. Hierin het die nuwe besieling sy tuiste gevind, hiermee wil die Afrikaner in dade uitleef die ideale wat slegs nog drome was. Die Ossewabrandwag het geword die spiere en die brein, die liggaam en die gees van die vegtende burgers, die soldate van die Republiek.**

Derhalwe word die O.B. hiermee opgeroep om op Saterdag, 8 Augustus 1942, Organisasiedag te vier, die verjaardag van die O.B.-gedagte waarop nie alleen nuwe besieling vir die laaste en beslissende skofte voor die oorwinning gevind moet word nie, maar ook die organisasie in al sy vertakkings deur fondse gesterk sal word deur die nodige middele in die hande van Hoofkwartier te stel — die are waardeur die lewensbloed van die Ossewabrandwag vloei. Vir die oorwinning is nodig nie alleen die toewyding van Brandwagte nie, maar ook fondse waarmee die volksorganisasie kragtig en onverpoosd voort kan gaan. Aangeval deur die grootste kapitalistiese belange binne en buite die Afrikanerdom, is die O.B.-fondse die onontbeerlike wapen teen kapitaaloormag. Elke Kommando van Kaapland, of groter of kleiner eenheid soos omstandighede dit vereis, sal laertrekkings reël met behulp van alle beskikbare kragte. Verdere reëlings sal later bekendgemaak word. Van die vroue van Kaapland in besonder word optrede verwag; tewens is dit hulle wat onder aanvoering van hul hoof, genl. mev. J. S. du Toit, om hierdie dag versoek het. Aan hulle in die eerste plaas word dus die reëlings vir die dag opgedra.

Aldus wil die O.B. op 8 Augustus by die feestelike herdenking van die geboortedag van die O.B.-idee, sy organisasie, en daardeur sy daadkrag, versterk om dit in diens te kan stel van God, Volk en Vaderland.


*BEREI USELF VOOR OP DIE TOEKOMS - - - - -*

Suid-Afrika staan op die drempel van ongekende ontwikkeling op alle gebied — Staatkundig, Industrieel en Kommersieel. U kan slegs u regmatige posisie in hierdie nuwe Suid-Afrika inneem indien u u omgord met kennis.

Die Toekoms behoort aan die Opgeleide Man.

**OOR DIE 200 KURSUSSE**

Omdat die Helpmekaar die enigste suiwer opvoedkundige Korrespondensiekollege in S.A. is, bied ons u aan: DIE BESTE LESINGS teen die BILLIKSTE LESGELDE.

Neem u eerste stap op die pad van sukses en

**POS DIE KOEPON VANDAG**

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in..........................................

Naam:..........................................

Adres:..........................................

(O.B. 8 April) ..........................................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

**Helpmekaar**
KORRESPONDENSIE KOLLEGE
Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 18,
JOHANNESBURG.
Posbus 3512. Foon 22-3512.


**Alle politieke berigte en kommentaar geskryf deur N. G. S. van der Walt, Groote Kerkgebou 81°, Kaapstad.**

# Britse Demokratiese Stelsel Oral Vinnig Aan Verval

## Tientalle Partytakke Word Ontbind: Volk Sat Vir Verdeel-Politiek

**Die proses van aftakeling van die demokratiese instellings is nog steeds aan die gang. Blykens berigte uit Die Vaderland is die volk oral in die Transvaal sat vir hierdie Britse stelsel met sy beleid van verdeel en heers, en honderde mense tree nou uit die partypolitiek. Die Herenigde Party, wie se leiers getoon het dat dit by hulle nie om volkseenheid gaan nie, maar om heerskappy oor die Afrikanerdom, is vinnig besig om in duie te stort. Op verskeie plekke is hele takke ontbind, terwyl takke op ander plekke reeds 'n kwynende dood gesterf het. Bedankings uit alle oorde reën in.**

Die tak Baanbreker, in die distrik Bethal, het met 105 lede ontbind deurdat al sy lede aan die Ossewabrandwag behoort en hulle weier om geskeur te word.

Die tak Homansvlei, Schweizer-Reneke, bestaande uit 61 lede, het ontbind.

Op Groblersdal het die Herenigde Party-bevel om met die oog op die stryd teen die O.B. te reorganiseer, uitgeloop op die ontbinding van die hele tak.

Die H.N.P.-tak Hoopvol in Christiana se kiesafdeling met 140 lede bestaan nie meer nie. Geen groepleier kon gevind word wat aan die party-vereistes beantwoord nie.

Die bestuur van tak Eloff, kiesafdeling Witbank, het op 6 Maart die volgende besluit eenparig geneem en die tak ontbind:

,,Hierdie bestuur van tak Eloff van die H.N.P. of V. besluit hiermee om die H.N.P. of V. te bedank om die volgende redes:

(a) Ons sien in dr. Malan en sy trawante volkskeurders en nie volksleiers nie.

(b) Ons as goeie O.B.-lede word deur hulle bestempel as rampokkers en skat dat ons juis daardeur honderd persent beter Afrikaners is as hulle wat die volk skeur, verdeel en in tronke laat stop deur ons aan te kla van bloedbaddens, rebellies, ens., te wil veroorsaak.

(c) Ons wil liewer goeie Afrikaners wees, soos dié van 1899-1902 en 1913-14 as die rugstekers van ons volk van 1940-42."

Die tak Houtbosdorp in Noord-Transvaal is op 28 Februarie ontbind toe eenparig besluit is om nie uit die O.B. te bedank nie.

Van die takke Lichtenburg en Platvlei van die H.N.P. het 119 lede bedank as gevolg van die optrede teen die Ossewabrandwag.

Op 'n vergadering van die tak Dendron (Pietersburg) op 2 Maart het die hele bestuur met die uitsondering van een persoon wat nie teenwoordig was nie, as lede van die Party bedank.

Uit Wolmaransstad word berig dat mnr. M. D. C. de Wet Nel wat daar besig was om die Party te reorganiseer, maar baie klein gehoortjies gehad het, en op sommige plekke het die takke geweier om vir hom 'n vergadering te belê. Op die dorp self, waar die tak uit vierhonderd lede bestaan het, was maar ongeveer dertig teenwoordig. Die O.B.-lede het byna almal weggebly, en die wat mnr. Nel se verduideliking gehoor het, het besluit om O.B.-lede te bly.

Op Maquassi het mnr. Nel maar 'n karige twintigtal gehad, van wie etlikes ook lede van die O.B. is. Die eerste twee wat vir sekretaris voorgestel was, het geweier om die amp te aanvaar.

**Op Witpoort het 26 persone die vergadering verlaat toe hy 'n aanval op die O.B. gelos het. Toe hy verder gaan met sy aanvalle, het nog 'n aantal uitgestap sodat hy eindelik net ses toehoorders gehad het. Op 'n ander vergadering het die hele gehoor uitgestap, terwyl vier takke hom glad nie wou ontvang nie.** (Die Transvaler het van hierdie ondervindings van die Party-organiseerder gepraat as ,,ongekende geesdrif!")

Meer as sewentig lede van Stella het die Party vaarwel gesê en die volgende redes bo hul naamtekening geplaas: **,,Dr. Malan veg vir die demokrasie en daarvoor veg genl. Smuts ook. Hy beveg nasionaal-sosialisme en dit beveg genl. Smuts in die Noorde. Hy beveg die O.B., en dit is genl. Smuts se grootste vyand. Dus bedank ons as lede van die H.N.P. en staan pal by die O.B."**

Hoe die Party probeer om nog die skyn van eenheid en krag te behou, blyk uit die volgende brief van mnr. C. Hoogendyk van Zeerust aan Die Vaderland van 5 Maart: ,,In Die Transvaler van 26 Februarie staan 'n berig: ,dat die afdelingsbestuur van Marico 'n telegram aan dr. Malan gestuur het waarin hulle sê dat die afdelingsbestuur 'n mosie van volle vertroue eenparig aangeneem het in dr. Malan."

,,Die feit is dat die lede van die afdelingsbestuur wat agtergebly het nadat 'n hele aantal lede die vergadering verlaat en bedank het, so 'n mosie aangeneem het. **Toe was daar nog maar 12 van die 23 bestaande takke op die afdelingsbestuur verteenwoordig en die lede wat toe nog daar was, het nie eens 'n kworum uitgemaak nie."**

In Dullstroom het die demokrasie so 'n terugslag gekry dat die dorpstak van die H.N.P., wat met die begin van hereniging 181 lede getel het, tans nie meer as twaalf lede oor het nie.

Die tak Lotteringspoort het ook eenparig besluit om te ontbind.

Op 'n vergadering van die afdelingsbestuur van Ermelo waar saam met die verteenwoordigers van die stembusse vir die tussenverkiesing 34 persone teenwoordig was, het net tien agtergebly nadat O.B.-lede versoek is om uit te stap. Ook die H.N.P.-kandidaat vir die aanstaande tussenverkiesing, mnr. J. H. Jacobsz, het uitgestap.

**Vyftien uit die negentien H.N.P.-takke in Soutpansberg het gedurende Februarie by geleentheid van die reorganisasie ontbind.** Die vier takke wat nie ontbind het nie, is Waterpoort, Messina, Chepees en Mara, en dit is 'n vraag of Mara genoeg lede oor het om as tak voort te bestaan.

Bo die name van 94 persone van Loxton, K.P., wat uit die Party bedank, word die volgende redes aangegee: ,,Ons is moeg en sat van partypolitieke twiste en ons weier om langer gebruik te word as die speelbal van beroepspolitici. Ons glo aan 'n eenheidsorganisasie — volksbeweging — as die enigste redding vir die volk van Suid-Afrika. **Onder partypolitiek verstaan ons: 'n volk verdeel in verskillende partye. Dit beteken verdeeldheid.** Ons gee dus ons onverdeelde trou aan die Ossewabrandwag as volksbeweging — die leiers waarvan dit nie anders as wel meen met almal nie.

,,Ons glo dat dr. Malan met sy demokratiese partypolitieke beleid nie die minste hoop het om deur middel van 'n verkiesing 'n republiek aan Suid-Afrika te besorg nie."

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*

**Pro Ecclesia-Drukkery,**

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.

*Die Laan, Stellenbosch.*

VIR ENIG IETS SMAAKVOL EN DEFTIG IN
DAMES-ROKKE
besoek
Steyns
PAROW SE
NUWE MODERNE SAAK.

SASBANK
Verrig Volksdiens!
Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
*Terme uiters billik.*
*Raadpleeg* SASBANK
PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.

HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE
Posbus 660, JOHANNESBURG.
Geniet die vrug van u arbeid; plant die beste gehalte bome.
**JUBILEUM Perske** — ons gevierde ,,Kersfees-Elberta," enorme draer wanneer ander soorte misluk. 3/6 elk; £7-10-0 per 100.
**HERHOLDT'S X.B.** Die nuwe Januarie-inmaak geelperske. £8-10-0 per 100.
Early Dawn, Mamie Ross, Peregrine, Elberta, Appelkose, Pruime, Nektariene, vanaf 1/- elk. Pere, Kersies, Moerbel, Tamatiepruime, heerlike Tafeldruiwe. Pragversamelings ROSE, Palms, Sierstruike.
Bespreek bestellings nou. Ge-illustreerde Katalogus en Plantgids gratis.

Kotzé
DIE KLEREMAKER EN UITRUSTER VAN KAAPSTAD
Is een van die eerste Afrikaner Besighede in ons Moederstad geopen
Hy gee bevrediging en verdien ondersteuning
ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

## NÁ TWEE MAANDE NOG ONVERHOORD IN TRONK

,,Die Ossewabrandwag het reeds tevore die huidige vyandige en onafrikaanse Regering aangekla weens sy optrede teenoor gevange Afrikaners wat in die tronke gestop is. Die Regering het hom nie daaraan gewaag om 'n kommissie van ondersoek toe te laat nie omdat hy klaarblyklik bang is vir die waarheid. **Daar is egter nou al gevalle in die Vrystaat van gevange O.B.-offisiere wat langer as twee maande in die tronke opgesluit is en teen wie nog geen aanklag geformuleer of uitgemaak is nie.**

,,Ons wil die Regering en betrokke owerheid dus dringend versoek om alle O.B.-offisiere en ander Afrikaners te verhoor of vry te laat.'' So lui 'n paragraaf in 'n omsendbrief van die A.G.K. van die Vrystaat, genl. C. L. de Jager, wat op 23 Maart uitgereik is.

## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. .. | £2,427 | 18 | 10 |
| Lys 341 Porterville Vroue-Kommando .. .. | £3 | 12 | 8 |
| Mnr. H. J. Steyn Vasco .. .. .. .. .. .. .. | | 5 | 0 |
| Maandelikse bydrae 3 lede Komgha .. .. | | 3 | 0 |
| Kamnassie-Kommando Oudtshoorn .. .. .. | 21 | 8 | 6 |
| Vriend en Vriendin Oudtshoorn .. .. .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| Lys 113 Adelaide Vroue-Kommando .. .. .. .. | 7 | 7 | 0 |
| Vryheidsdag Kollekte Richmond-Kommando | 3 | 12 | 6 |
| Vroue-Kommando Swellendam Lys 398 .. .. | 2 | 16 | 0 |
| Mev. Snoek Kaapstad .. .. .. .. .. .. .. .. | | 10 | 0 |
| Riebeek-Kommando Riebeek-Wes .. .. .. .. | 2 | 17 | 0 |
| Asst. Veldkornet Pinelands .. .. .. .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| Totaal | £2,472 | 10 | 6 |

105 Takke 40,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £90,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTENE

**DE KOCK se GARAGES**
Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.
*Eienaar: D. D. DE KOCK*
**Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors**
Moet nie dat u motor vir u moedeloos maak nie — Laat ons dit vir u splinternuut maak.
V.M.K. AANBEVEEL.

***AFRIKANER-KLEREMAKER!***
Foon 5-1486
● Vir u volgende Pak ● Billike Pryse
● Werk Gewaarborg ● Beste Materiaal
**N. C. KOCH**
Soutrivierweg 52 — Soutrivier

**O.B.-Skryfblokke**
Blou met bypassende Koeverte
2/6 posvry.
Bestel by:
**O.B.-Hoofkantoor, Kaapland.**
Kamer 916,
GROOTE KERKGEBOU — KAAPSTAD.

**STEMPELS**
Rubber Stempels vir O.B.-Kommando's met die O.B.-Wapen daarop.
17/6 Posvry.
TAFELBERG INDUSTRIEë,
Kohlingstraat 16. KAAPSTAD.

**DIE AFRIKAANSE PERS-BOEKHANDEL**
*Uitgewers en Boekhandelaars*

**DIE LIEF EN LEED VAN ONS GESLAGSLEWE.**
(Deur Prof. D. W. A. Willemse.)

Hierdie is 'n opspraakwekkende boeksensasie: Die eerlikste en moedigste werk in Afrikaans wat oor 'n onderwerp dusver met veel skuheid en preutsheid benader is. Die intiemste aspekte van die menslike geslagslewe. Openhartig en sonder om doekies om die waarheid te draai. Die boek is geskryf in 'n gees van hulpvaardigheid, om aan duisende wat met die lewensbelangrike probleem stry, lig en rigting te gee. Slegs vir volwassenes bedoel.

Prys: 6/6 Posvry.

**DIE SUIGELING EN VOORSKOOLSE KIND.**
(Deur Mev. M. E. Theron.)

In sy voorwoord sê dr. G. W. Eybers: Hierdie boek is dan ook by uitstek en in die eerste instansie 'n moeder se boek, geskryf deur 'n vrou wat nie alleen ryke ervaring opgedoen het met die versorging en opvoeding van kinders gepaard ook deur 'n moeder wat besondere verstand het van 'n moeder se probleme. Die warm-simpatieke gees waarin sy oor die kind skryf, sal die leser meteens opval. Die hele kind word in oënskou geneem, en daar word ADVIES gegee wat GOUD werd is. Hierdie belangrike werk handel oor die gesondheid en geluk van die moeder, oor die liggaamlike versorging van die klein kind, oor die ontwikkeling van sy persoonlikheid, oor die groei van sy karakter en oor die aankweek van beskaafde lewensgewoontes.

Prys: Slegs 5/6 Posvry.

Bestel van:
**Die Afrikaanse Pers-Boekhandel,**
Bus 845, Pleinstraat 3, Johannesburg

Munisipaliteit van Robertson.

### KENNISGEWING No. 3/1942.

VAKATURE:
STADSKLERK EN TESOURIER.

Applikasies, as sulks gemerk, word gevra en sal deur die ondergetekende tot en op Maandag, 11 Mei 1942, ontvang word vir die betrekking van Stadsklerk en Tesourier vir hierdie munisipaliteit.

Applikasies in eie handskrif moet volledige besonderhede van ouderdom, kwalifikasies en ondervinding meld, en vergesel gaan van gesondheidssertifikaat en drie gesertifiseerde afskrifte van die jongste getuigskrifte.

Applikante moet ten volle tweetalig wees en op die vroegste datum waarop dienste aanvaar kan word meld. Die salaris verbonde aan hierdie pos is £500 per jaar met jaarlikse verhogings van £20, onderworpe aan bevredigende diens, tot 'n maksimum van £600 per jaar. Die Raad besit 'n pensioenskema waarby die suksesvolle applikant sal moet aansluit.

Kandidate wat regstreeks of onregstreeks stemme van Raadslede werf sal gediskwalifiseer word.

E. R. MALHERBE,
Stadsklerk.

Munisipale kantoor,
Robertson.
25 Maart 1942.

*Geklassifiseerde Advertensies*

**VERLOWING**

YOUNG—VOIGT:—Ons, John Charles, oudste seun van mnr. en mev. John Young van Sinksabrug, George, en Cathleen, oudste dogter van mnr. en mev. Willie Voigt van Groot Brakrivier, maak aan familie en vriende(inne) bekend dat ons op 25 Maart verloof is.

**TE KOOP GEVRA**

OMTRENT 25 pond beste kwaliteit gedroogde geskilde perskes. Monster en prysopgawe aan O. L. NEL, Middleton, Greytown, Natal.

**BOME**

GEOKKULEERDE Pekaanneutbome, Tung, Vrugte en Rose. Besigheid 20 jaar ge-estabiliseerd. Bank: Volkskas, Pietermaritzburg. Skryf vir Katalogus.
RUDMANSE EDENDALE KWEKERY,
EDENDALE — NATAL.

**APPELS**

APPELS: Rome Beauty, Pearmain, Ohenimuri, 10/6 per kissie. K.M.B. of K.B.A. Leë inheuer terug. Kookappels 6/6 per kissie. V.O.S. B. J. STANDER, Privaat Possak, Westwood, Dist. George.

**KAAPSE VROEGPLAT UIESAAD**

Strooikleur, 15/- per lb., k.m.b.
E. C. STEYN,
Bus 37. SOMERSET-WES.

**GEVRA**
*50000 Afrikaners wat graag hul eie tabak wil rook en wat hul handelaar om „Patriot" sal vra.*
VOORBRAND TABAK-MAATSKAPPY (Edms.) Bpk.
Kommissarisstraat 200,
JOHANNESBURG.

**Algemene Handelaars**
FOON 5-4294
**J. J. DE GOEDE,**
STASIEWEG 51 — OBSERVATORY
*Probeer ons Eersteklas Kruideniersware en Onder steun 'n Afrikaner.*

*Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystr., Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.*